GEDAGTE VIR DIE DAG

"Moenie toelaat dat gister te veel van vandag in beslag neem nie"

NUUSBRIEF 16 **12 AUGUSTUS 2021**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die mens is 'n wese wat aanpasbaar is in alle situasies. Aanpassing kom nie net sommer gemaklik van die een dag na die volgende nie en daar is verseker 'n oorgangstydperk om aan verandering of 'n nuwe lewe gewoond te raak. Net sodra ons aan iets gewoond geraak het, soos die dra van maskers, geen sport-aktiwiteite, ens., word ons aanpasbaarheid weereens getoets.
Ons ouers en leerders moet nou weer aanpas by die krieket- en hokkie-aktiwiteite wat onlangs 'n aanvang geneem het. Dit is wonderlik om weer ons velde vol aktiewe leerders, te beleef.
Die kultuuraktiwiteite begin ook weer stuk-stuk, met Cultivaria tans in volle swang.
Graag noem ons ook aan u dat die moontlikheid van skool-toere vir graad-6 en 7-leerders ondersoek word, met die nodige protokol in plek. Ons is hoopvol dat die graad-5 leerders, kort op hul hakke kan volg.

Ons wens u baie sterkte toe met elke dag se aanpassings wat gemaak moet word!

INLIGTING

RUITERKUNS-NUUS

Baie sterkte aan Zara Pappalardo, wat aan die Suid-Afrikaanse Dressuur uit-daging op Vrydag, 13 Augustus, deelneem. Zara is tans tweede in Suid-Afrika, op die *Pony Rider Novice Dressage* ranglys, geplaas.

Midstream Ridge Groete

MNR V HARMSE
SKOOLHOOF